# EFÉSIËRS 2:1-10

**TEMA:** **<u>Voorheen Dood, Nou Lewend</u>**

<u>Oordenking deur</u>: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 2:1-10

**Efe 2:1 En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes**
**Efe 2:2 waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,**
**Efe 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.**
**Efe 2:4 Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,**
**Efe 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—**
**Efe 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,**
**Efe 2:7 sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.**
**Efe 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;**
**Efe 2:9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.**
**Efe 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.**

-o0o-

Efe 2:1 En julle het Hy <u>lewend</u> gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes
Efe 2:2 waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,
Efe 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

### 1. <u>DIE EIERSEL</u>

Ek het al baie keer gesê dat die hele Evangelie van Lewe, is in die baarmoeder van die vrou geskrywe. Hierdie openbaring van die eiersel, het die Here vir my gegee.

Ons weet, dit is die vroulike eierstokke wat die eiersel afskei. Daar is geen lewe in die eiersel nie. Dit is slegs 'n dooie, dooie eiersel. As sy nie bevrug word nie, word hy (eiersel) deur die maandstonde uitgeskei en is dan vir ewig verlore en hy het nooit weer 'n kans nie op bevrugting nie.

Efe 2:1 *ons was dood van deur die misdade van die sondes.* Paulus omskryf breedvoerig die sonde waarin ons gewandel het, die begeerlikhede van die vlees oor hoe ons, ons eie wil gedoen het en die toorn van God en al daardie dinge.

<u>Soortgelyk is die simboliek in 'n mens</u>.
Hierdie mens wat dood gemaak is *"deur die misdade van die sonde waarin ons vroeër gewandel het volgens die loop van die wêreld volgens die owerstes van die mag van die lug, van die <u>gees</u>* (klein lettertjie gees), *wat nou in die kinders van gehoorsaamheid werk"*.

-oOo-

## 2. <u>EIENSKAPPE</u>

Efe 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

Wat is die eienskappe van die werkinge van hierdie vlees? Van hierdie klein lettertjie "gees"?

- Dit handel oor die begeerlikhede en die wil van die vlees, asook die toorn en al daardie dinge.
- Met ander woorde dit gaan alles oor **MY.** Dit gaan oor die mens homself; om hom te verheerlik; om hom te verryk; om hom te plesier.
- Dit gaan net alles oor sy eie WIL; sy eie begeerlikhede; sy eie alles.
- Dit is die simboliese werke van die dood.

## 3. <u>DIE BLOED</u>

Efe 2:4 Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,
Efe 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—

Hierdie eiersel, die dooie eiersel kan alleenlik lewe kry as daar liefde betrokke is. *Want so lief het God die wêreld gehad (Joh 3:16).*
Vers 4: *Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy <u>grote liefde</u> waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons <u>dood</u> was deur die misdade, <u>lewend gemaak</u> saam met Christus (Jesus)*

- Hierdie <u>bloed van die Lam</u>, die bloed van die Bruidegom het **IN gepenetreer** in ons lewe as gevolg van liefde, nie uit dwang of enigiets nie, dit is egter 'n liefdesdaad. Die liefde het die bloed ontvang.
- Die bloed het die dooie eiersel lewend gemaak.
- Die misdade van die ongeregtigheid is nou vergewe.
- Die resultaat is, die lewe wat in die bloed van Christus Jesus Christus is, het ons nou lewe gegee.

## 4. <u>NUWE LEWE</u>

Efe 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,

Ons is nou nuwe skepsels in Christus Jesus, alhoewel ons nog geen deel bygedra het nie. Die enigste Eienskappe wat ons gedra het, was die *eienskappe van die dood*, die wil van die vlees en al die dinge waarvan ons in vers 3 hierbo behandel het. Al hierdie dinge wat nog sigbaar was.

Paulus sê as ons in Christus Jesus is, het ons 'n nuwe lewe.
Wanneer ons sê Christus Jesus lewe in ons en ons leef nie meer nie, maar Christus Jesus lewe in ons dan is ons <u>saam met Hom opgewek</u>. Dit beteken, dit is die bloed van die Bruidegom wat deur die liefdesdaad gepenetreer is, wat gefiltreer is, wat nou in die liggaam van Jesus Christus en in my en jou funksioneer.

Nou sê hy: *en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,* **IN** Christus Jesus. Nie saam met Hom nie. IN Christus Jesus. So ons is IN Christus, in hemelse plekke. *Sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.*

## 5. <u>GENADE</u>

Efe 2:7 sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.
Efe 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Efe 2:9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

God die Vader wil ons <u>gebruik as 'n toonbeeld</u> vir wie Jesus Christus regtig is. Die uitnemende rykdom van Sy genade. Dit beteken ons kan nie nou daar buite loop en roem op ons eie dade, ons eie wil, prestasies, dinge wat ek en jy behaal het nie; wie ek en jy is nie. Ons kan nie, want ons is nie meer in onsself nie. Ons is ons is nou <u>IN</u> Christus Jesus.

-oOo-

Nou sê die Woord, die Vader wil ons gebruik *sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon.*
"Hoe gaan Hy dit betoon? Wat wil Hy betoon?" *Die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.*

Dit beteken, Hy wil ons nou gebruik om daardie uitnemende rykdom van Sy genade en goedertierenheid wat in Christus is, openbaar in die wêreld.

Dit verander nou die hele prentjie:
- Dit gaan **nie** nou meer oor MY nie. My begeerlikhede, my vlees my toorn, al hierdie dinge nie.
- Dit gaan nou egter oor GOD se **wil deur my** tot opbouing van Christus Jesus se liggaam.

Efe 2:8-9 *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.*

### 6. SY MAAKSEL

Efe 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

*Want ons is sy maaksel.* Jy verstaan? *Geskape in Christus Jesus.*

Vergelyk die twee verse: In vers 1 begin hy vertel van die dooie werke. Hy sê ons is dood as gevolg van die misdade van sonde. Nou sê Hy in vers 10, ons lewe, maar as gevolg van dit wat God in Christus Jesus vir ons gesit het. Nou is ons Sy maaksel. As ons Sy maaksel is, dan moet ons geskape wees in Christus Jesus.

Hoekom? Nie tot werke van die vlees nie maar *tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.* Sodat ek en jy in die goeie werke kan wandel. Sodat God Homself deur Christus Jesus, deur my en jou *aan die wêreld kan openbaar die uitnemende rykdom van Sy genade en goedertierenheid* wat daar in Christus Jesus is.

### 7. WEDERGEBOORTE

Mense, nou is die vraag net dit vandag. Waar staan ek en jy regtig in hierdie Evangelie? As die wêreld elke dag na ons kyk wat sien hulle raak? Sien hulle hierdie nuwe skepsel wat lewe, wat veronderstel is om Christus Jesus se beeld voort te bring; die Vader se uitnemende rykdom van Sy genade en goedertierenheid vir die mensdom? Sy liefde? Of is ons nog steeds besig met ons eie begeerlikhede, eie wil, eie dinge en die toorn en al hierdie dinge en dade waarvan hy praat.

Baie mense dink bekering is alles. Bekering is egter net die begin. Hy sê: *want uit genade is julle gered.* Maar daarna het jy 'n **werk** om te doen. Want die Bybel sê vir ons baie duidelik *want ons is Sy maaksel* in vers 10, *geskape in Jesus Christus tot goeie werke wat God voorberei het sodat ons daarin kan wandel.*
- Hierdie werke en lewe wat ons nou moet uitlewe daar buite; die wandeling wat ons nou moet wandel gaan nie meer oor my nie.
- Dit gaan nie meer oor my vlees nie; dit gaan nie meer oor onbenullighede nie.
- Dit gaan hoe kan ek God behaag. Dit wat God vir my gegee het, my tyd, my geld, my huis, my kinders, my alles, my hele lewe moet 'n simboliek wees van wie Christus Jesus is.
- Ek moet Sy werke uitlewe, nie my werke nie.
- Want so lank as wat dit werke van die vlees is, dan is ek nog nie gered nie volgens die Woord.

Ekskuus mense, maar die Woord sê dan is ek nog nie gered nie. Dan het ek nooit tot wedergeboorte gekom nie. Maar as die eienskappe van die Gees, groot letter Gees, deur my werk dan sal ek (vers 10) *Sy maaksel wees, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het sodat ons daarin sal wandel*. My lewe verander, my uitkyk op die lewe het verander, my wandel op aarde sal nou net een getuienis dra, en dit is Jesus Christus. Dis al. Die Vader se beeld in Christus Jesus sal deur my lewe sigbaar wees vir die wêreld.

-oOo-

## 8. DIE GROOT VRAAG

Waar staan jou plek vandag?
Hoe lyk jou lewe? Is dit regtig waarvan jou lewe getuig.
Hoeveel mense kan God verheerlik omdat jou paaie met hulle hierdie afgelope week wat verby is, gekruis het. Hoeveel mense kan regtig vandag op hul knieë gaan en sê: *"Dankie Here, ek het U gesien in Piet, Jan, Koos, Sannie en Jannie. Ek het U gesien, Ek het die openbaring van Christus Jesus gekry in daardie en daardie persoon. Here, toe ek in daardie en daardie probleem was, het daardie en daardie persoon my gehelp. Here ek het U beeld gesien en dit het nie gegaan oor geld nie. Dit het gegaan omdat Jesus Christus in sy lewe is*".

Ek laat julle met hierdie gedagte. Julle weet, die wêreld is stukkend, omdat die kind van God nog nooit tot volle wedergeboorte gekom het nie. Want die meeste van hulle hardloop nog agter die begeerlikhede van wat vers 3 sê *onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander*

Die grootste deel van die kind van God se lewe van vandag sentreer nog steeds om vers 3. Dan vra ek, is dit regtig wedergeboorte? Die Bybel sê **NEE.**

Ek dink ons moet hand in eie boesem steek en dat ons bietjie begin ondersoek doen:
- Waar staan ons lewe regtig met die Here.
- Ons gaan kerk toe, Sondag vir Sondag en ons het nooit 'n intieme verhouding met Hom nie. Die gemeenskap van die heiliges is baie belangrik.
- Jou persoonlike verhouding met die Here is die alfa en omega, in jou binnekamer, die baarmoeder waar Hy jou bevrug, waar die bloed van die Bruidegom die lewe gee aan die eiersel. Dit is waar die vormingsproses plaasvind waar die eienskappe van die fetus ontwikkel word. Die persoonlikheid van Christus Jesus in ons ontwikkel word.

Ek seën julle met hierdie boodskap.
En my gebed is dat die Here sal verder werk in jou lewe sodat Hy jou kan opbou tot die perfekte instrument wat Hy wil hê jy moet wees om Sy goeie werke vir die wêreld daar buitekant te kan vertoon.

-o0o-

**NASKRIF**:
Die Latynse woord vir ***goedertierenheid*** (Efe 2:7) is 'misericordia', wat saamgestel is uit twee woorde. 'Cordia' is ooreenstemmend met die Griekse woord 'kardia' wat hart beteken. Die eerste deel, 'miseri' beteken 'ellende', 'swaarkry', of 'om in nood te verkeer'. 'Misericordia' of 'goedertierenheid' beteken dus om 'n hart te hê vir mense wat in swaarkry of in nood verkeer. **Die meer korrekte vertaling is "om 'n hart te hê wat *bereid is* om swaar te kry vir mense wat in nood verkeer"** Tommy Lessing, 23/04/17

-oOo-